KLEINGROEPONDERRIG 2021

Wiskunde en Fisiese Wetenskap kleingroeponderrig is die afgelope jare by Hoërskool Waterkloof gevestig. Die projek is in 1998 deur mnr. Manie Janse van Rensburg, 'n voormalige wiskunde vakadviseur, begin. Leerkragte wat in die direktoraat betrokke is, het almal besondere sukses met onderrig behaal. Dit bied 'n unieke, alternatiewe akademiese opsie van onderrig in kleiner groepe in Wiskunde vir graad 8- tot 12-leerders en Fisiese Wetenskap vir graad 10- tot 12-leerders. Hierdie projek maak dit vir leerders moontlik om gedurende die normale skoolure in 'n klas met hoogstens 21 leerders onderrig te ontvang.

Voordele:

- Die onderrig sluit ekstra klasse en verrykende onderrig in.
- Die grootste voordeel van die projek is dat die leerder, uit die aard van die kleiner klasgroep, aan 'n groot verskeidenheid van oefeninge en vinnige opvolg blootgestel word.
- Probleme word vinnig geïdentifiseer en leerders kry dus maksimale blootstelling aan die leerinhoud.

Algemene inligting:

Die doel van hierdie skrywe is om die agtergrond en aard van die projek aan u te verduidelik en om die groep wat in die projek belangstel, te finaliseer, aangesien daar slegs 'n beperkte aantal leerders geakkommodeer sal kan word.

- Leerders skryf dieselfde toetse en eksamens as die ander leerders in die graad.
- Die leerders wat deel van die projek gaan wees, word as groep in die skoolrooster ingedeel.
- Akademiese presteerders wat verkies om in 'n kleiner groep onderrig te ontvang, vind groot baat by die projek.
- Kriteria wat gebruik word vir die keuring van die leerders in groepe waar die belangstelling te groot is, kan onder andere die volgende wees:
    - 'n Positiewe, hardwerkende ingesteldheid teenoor die akademie.
    - Vakkeuse van die leerder.
    - 'n Minimum van 50% in die vak.
    - Volgehoue selfwerksaamheid en getrouheid om opdragte uit te voer.

Onderriggeld:

Hierdie tipe projek vereis addisionele fondse om dit te bedryf en dit beteken dat ouers 'n keuse ten opsigte van die fondse wat hul addisioneel vir hul kinders se akademiese onderrig kan bekostig kan uitoefen. Die projek word volledig deur die groep wat die keuse uitoefen om by die projek in te skakel gefinansier en 'n kontrak sal met hierdie ouers gesluit word. Die skoolfondsbedrag word nie deur die projek beïnvloed nie en die gewone skoolgeld sal steeds betaalbaar wees.

Die onderriggeld vir **2021** is **R5 300 per vak**. **INDIEN 'N LEERDER GEPLAAS WORD** is die geld soos volg betaalbaar:

- Die **deposito van R1 800 per vak** is teen **31 Oktober 2020** betaalbaar en dan **tien paaiemente** van **R350 per vak per maand** vanaf Januarie 2021 tot Oktober 2021.
- KGO-fooie sal op u skoolrekening reflekteer.

- **Rekeningbesonderhede:**

  Hoërskool Waterkloof
  ABSA takkode: 630193
  Rekeningnommer: 3490144454
  Verwysing: Kind se leerdernommer + KGO (bv. 1234 KGO)

Indien hierdie tariewe met markverwante opsies vergelyk word, sal u saamstem dat u hier ‘n unieke geleentheid het om aan u kind groter individuele onderrig teen ‘n bekostigbare tarief te verseker.

Aansoek

Leerders moet aansoek doen om deel van die projek te wees. Indien u in die projek belangstel, versoek ons dat ‘n leerder sal registreer deurdat u as ouer/voog op een van die onderstaande skakels kliek en die aansoekvorm voltooi:

1. **Graad 12 (2021):**

   https://forms.office.com/Pages/ResponsePage.aspx?id=0pYhEakVuUm0cXbz_aXkfc3Eyn2r9NNDitgBvC9ywhBUNDBXMTJWOFBLUEtVRktDOVc2REdOUVVFRi4u

2. **Graad 11 (2021):**

   https://forms.office.com/Pages/ResponsePage.aspx?id=0pYhEakVuUm0cXbz_aXkfc3Eyn2r9NNDitgBvC9ywhBUOThBNkxLWjZNNlVXUURJWUJLM0VKREdHMC4u

3. **Graad 10 (2021):**

   https://forms.office.com/Pages/ResponsePage.aspx?id=0pYhEakVuUm0cXbz_aXkfc3Eyn2r9NNDitgBvC9ywhBUNUwzN0k4WTBJNERaVjMyOExJWEoxNkc3Ty4u

4. **Graad 9 (2021):**

   https://forms.office.com/Pages/ResponsePage.aspx?id=0pYhEakVuUm0cXbz_aXkfc3Eyn2r9NNDitgBvC9ywhBURVA0QVpJNjBSU0JOVlNUREw3VlpIQ0wxWC4u

5. **Graad 8 (2021):**

   https://forms.office.com/Pages/ResponsePage.aspx?id=0pYhEakVuUm0cXbz_aXkfc3Eyn2r9NNDitgBvC9ywhBUQ1JSUThUV09UUjlEQUJEM0NQN0RXTE9FSy4u

U sal so gou as moontlik in verband met die verloop van die projek ingelig word. U moet onthou dat die groepe nie 21 leerders mag oorskry nie en laat-inskrywings kan dalk nie geplaas word nie. **NADAT PLASING PLAASGEVIND HET, SAL DIE NAAMLYSTE OP DIE VENSTER VAN DIE FRANS-KLASLOKAAL IN DIE VIERKANT GEPLAK WORD. LEERDERS MOET DAN SEKER MAAK OF HULLE GEPLAAS IS AL DAN NIE.**

U kan enige navrae aan een van die onderstaande persone rig:

- Mnr. Manie Janse van Rensburg (klaskamer oorkant snoepie) (082 783 1154)
- Me. Junel van Staden (kantoor A6, (012) 347 0277 x 218)

Ons vertrou dat die meeste van u vrae beantwoord is en hoop om u kind volgende jaar in ‘n kleiner klasverband ‘n passie vir Wiskunde en Fisiese Wetenskappe aan te leer!